

SONDAGOGGEND 22 AUGUSTUS 2021

Ewige lewe – Ken die enigste ware God

Ons kom aan die einde van Jesus se gesprek met Sy dissipels net voor Sy dood. Dit is Jesus se laaste ure as mens. Binne 'n paar ure van nou af sal Hy aan 'n kruis hang en as plaasvervanger vir die sonde van elke mens sterf.

Hy het eers saam met Sy dissipels geëet en daar het Hy hulle vir hulle gesê dat Hy Sy volgelinge tot die uiterste lief het, en Hy het dit gewys deur hulle voete te was. Hy het vir hulle 'n paar gesê dat Hy van die Vader af kom en na die Vader teruggaan. Maar soveel keer het Hy hulle belowe dat Sy weggaan vir hulle en vir ons Sy volgelinge, beter sal wees. Hy gaan om vir ons plek voor te berei in die hemel. In die hemel is Hy ons voorspraak by die Vader. En dan belowe Hy dat hulle wat wedergebore is, die wat in die Seun en die Vader glo, die Heilige Gees sal ontvang. Hierdie Heilige Gees sal Sy volgelinge vertroos en lei in die Waarheid en hulle alles aangaande Jesus en God leer.

Dan op 'n stadium sê Hy vir hulle dat hulle moet klaar maak en begin stap, Hy is op pad na Getsémané waar Hy uiteindelik deur Judas verraai sou word en gearresteer sou word. Op pad soontoe sê Hy vir dat Hy is die ware wingerdstok en as ons Sy volgelinge in Hom bly sal ons geestelik groei en vrugte dra wat God sal bly maak.

'n Paar keer waarsku Hy hulle dat die wêreld hulle sal haat, hulle sal vervolg en selfs doodmaak omdat hulle volgelinge van Jesus is. En wat doen Hy? Hy bid!

Johannes 17:1-5

Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk en gesê: "Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. 2 U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. 3 En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. 4 Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen. 5 Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het."

Johannes 17 is seker die mees aangrypendste gedeelte in die Bybel. Jesus gee Sy dissipels en vir ons God se kinders 'n glimpisie van Sy en Sy Vader, ons Vader, se intieme, nabye verhouding.

Dit voel vir my as te ware of ons so een kant staan en sien en hoor hoe Jesus bid. Hy het klaar met Sy volgelinge gepraat, Hy het nood, ons lees Hy het angs gehad, Hy was doodsbenoud, Hy het sweet so dik soos bloeddruppels gesweet, nou bid Hy.

Johannes 17:1

Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.

Die begin van Sy gebed moes vir die dissipels baie vreemd gewees het. Voor Jesus het hulle nie aan God gedink as hulle Vader nie. God was ver, Iemand wat gevrees moes, word, Iemand wie se Naam Jahwe, hulle nie eers uitgespreek het nie. En nou kom Jesus en net voor Hy begin bid het sê Hy vir hulle, nooit ooit weer hoef hulle deur 'n priester te bid nie, maar dat hulle nou deur Jesus direkte toegang tot God het en jy kan Hom jou Vader noem.

Dan sê hy 'n vier woorde wat verwys na die draaipunt van die geskiedenis aankondig, *"Die tyd het gekom."*

Ek sien in my geestesoog toe hierdie in die hemel beplan is. Drie-enige God moes die sondige beheer van die duiwel kom breek en Sy mense kom vrymaak van die mag van sonde. Dit is so anders as al die ander gode stories. Die gode het nie 'n saak met mense nie. Intendeel hulle het immoraliteit aangemoedig. Jy moes as deel van jou aanbidding van hierdie gode, met tempelprostitute omgang en hoe meer jy drink en hoe dronker jy word vereer jy vir Bacchus. Orgies was aan die orde van die dag ter wille van jou God.

Maar ons God sien hoe seer dit mense maak, hoe gebroke en verlore mense is en daarom word daar in die hemel besluit dat Jesus, die Seun van God, as God aarde toe sou kom en as mens gebore word. Eenvoudig om mense te kom vertel dat God is nou met mense, en dat die tyd van redding het gekom. Die tyd van die dood van die Seun van God is in die hemel beplan en daarom sê Jesus: *"Vader, die tyd het gekom. Die tyd waaroor ons gepraat het, is nou hier."*

Dis 'n wonderlike waarheid, dat die tyd waarvan Jesus praat is Sy kruisiging. Daardie oomblik het die geskiedenis van die wêreld verander. Nog nooit het 'n God vir Sy mense gesterf nie. Nog nooit is mense se sondes op 'n god geplaas om onskuldig in hulle plek te sterf nie. 'n Wonderlike oomblik. Die tyd, die uur, die wonderlike sekonde van Jesus se dood is nou hier.

Nou Jesus sê iets wat vreemd mag klink. *"Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik."* Verheerlik is die Griekse woord **doksa**.

to cause someone to have glorious greatness

In John 17 give Me that glorious greatness

raise me up high or give Me great glory in the eyes of

Johannes 17:4-5

Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen. 5 Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het."

Verheerliking van God is nie net die tema van Jesus se gebed hier nie, maar die tema van die Bybel. Alles gaan oor die verheerliking van God. *"It's all about Him."*

Nou as jy eerlik is, is dit baie kere en by baie mense presies die teenoorgestelde: *It's all about me!* Ek wil goed doen wat vir my reg is en waarvan ek hou. En dit is tema van die wêreld en die bese. *"Dis jou liggaam, jy kan besluit. Dis jou lewe, moenie dat iemand jou voorskryf nie. Veral nie God nie, Hy is oudmodies."*

Al sê hier Jesus: *"Herstel hier my glorious greatness,"* gaan dit nie oor Hom nie. Hy bid dat God Sy grootheid as God se Seun sal herstel, sodat Hy God kan se *"glorious greatness"* aan die wêreld en die hele mensdom kon vertoon. En was God nie "great" nie toe Hy Jesus as offer laat sterf het, sodat ons wat glo kan lewe.

Jesus wil ons vanoggend net weer herinner daaraan dat God is God en Hy verdien alle lof en eer en heerlikheid. Dis die eerste les wat Hy ons graag wil leer. Ons is gemaak om God se *"glorious greatness"* te vertoon, om dit sigbaar te maak. Ons is gemaak om Hom in alles te erken as die Een, die enigste ware God, wat eer en lof verdien.

Sy heerlikheid, Sy *"glorious greatness"* moet sigbaar raak in ons gesin, by die werk, bure, vriende, ens. En wat Jesus ons kom leer het is dat ten spyte van moeilikheid ons steeds op God moet fokus en Hom verheerlik, want Hy wat Jesus is het reeds die wêreld oorwin. *"It all about the glory of God."* Ons dink net "way" teveel van onself. Ons is niks sonder God nie!!

Dan kom breek Jesus vir ons die deur na die ewige lewe oop. Dis daar wat God se hart geopenbaar word.

Johannes 17:2-3

U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee.

It's all about Him!! Hy het die *volmag oor die hele mensdom*.

Jesus vra Vader om Hom te verheerlik, sodat Hy die gesag wat Hy het, om almal wat in Hom glo, die ewige lewe te kan gee. Jesus is die Opperheer met die hoogste gesag. Hoor wat staan daar, *volmag oor die hele mensdom*. En dit het Sy dissipels sekerlik op aarde al beleef. Hulle het gesien hoe Hy die storms kon stilmaak, en hoe Hy water in wyn verander het, hoe Hy 5,000 met 'n paar vissies en broodjies gevoed het. Hoe Hy siekes genees, duiwels uitdryf en selfs die dooies tot lewe gebring het.

Alles is deur Hom vir Hom gemaak sê Johannes aan die begin van hierdie boek. Selfs die hoogste gesag op aarde, konings, presidente, moet voor Hom buig. Inteendeel Paulus skryf in Filippense 2 dat elke knie sal voor Hom buig en erken dat Hy die Oppergesag is.

Nou sê Jesus vir Vader: *"Herstel my 'glorious greatness' sodat Ek my gesag in werking kan stel, sodat Ek hulle wat glo die ewige lewe kan gee."*

Jesus het die volmag, die reg om die wat in Hom glo, uit te nooi om vir ewig en altyd in 'n nuwe verheerlikte liggaam, by God te mag woon. En hierdie ewige lewe gee Hy as Opperheer onverdiend, uit liefde, uit genade omdat Hy 'n God is wat Hom oor Sy volgelinge ontferm.

2 Timoteus 1:9-10

Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het. 10Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring.

Moenie hierdie "amazing" waarheid mis nie. Almal, elke mense het die saad van om ewig te lewe in hulle, dit kom van die skepping af. Dit hang net af waar jy jou ewige lewe wil deurbring. By God, in volle harmonie, waar daar vrede, vreugde en geen trane, pyn of lyding is nie. Of by die duiwel in die ewige verdoemenis, waar daar pyn, smart en lyding en 'n gehuil en 'n gekners van tande altyd sal wees.

As jy 'n gelowige is, is hierdie lewe die enigste hel en swaarkry wat jy sal beleef, as jy doodgaan is dit net ewige lewe by God. As jy 'n ongelowige is, is hierdie lewe die enigste hemel wat jy gaan beleef, en na jou dood is die 'n ewige lewe, in die dood, waar dit hel is vir die res van jou onsterflike lewe.

Johannes 5:24

Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.

Die ewige lewe is nie iets wat eendag gaan plaasvind nie. Elkeen van ons wat die verlossing van Jesus aanvaar het, lewe al reeds vir ewig.

Nou sê Jesus, wat hierdie ewige lewe behels.

Johannes 17:3

En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

Wat is die ewige lewe sê Jesus hier? *Dat ons Jesus en die enigste ware God ken.*

Wat beteken dit om God te ken? Die Griekse woord wat hier gebruik word is die woord *ginoosko* en dit kan vertaal word met *intieme kennis*. Die Griekse woordeboek wat ek gebruik sê die volgende:

- *To learn to know a person through direct personal experience,*
- *to become acquainted with, to be familiar with.'*
- *In translating Jn 17.3, it is important to avoid an expression which will mean 'to learn about.' Here the emphasis must be on the interpersonal relationship which is experienced.*

Ek het in die kerk groot geword sonder hierdie interpersoonlike verhouding met God. My lewe het verander toe ek besef dat God wil nie hê ek moet **“religion”** bedryf nie, maar ek moet 'n **“interpersonal relationship”** met Hom hê. Baie mense, hier in ons gemeente, ervaar nie hierdie **“interpersonal relationship”** met God nie. Hulle sukkel met gebed en sukkel om die Bybel te verstaan, hulle sukkel om God lief te hê.

Die gevaar is dat as ons al so baie van God gehoor het en soveel van Hom geleer het en eintlik al solank 'n pad in die kerk loop, dat jy dink jy ken God, maar dat jy maar net kennis van God geneem het, sonder om Hom op 'n persoonlike vlak te ken.

Ek glo Jesus vanoggend met my hele hart, as Hy as te ware sê dat jy die ewige lewe kan mis omdat jy dink jy ken God maar jy het eintlik geen direkte persoonlike liefdesverhouding met God nie en jy kan nie getuig van 'n groeiende verhouding met God nie.

Om God te ken, kom gee sin in ons lewens. Dit is waarom die lewe gaan. Die lewe gaan nie om "ewigdurende" skoonheid of baie weelde of goeie vriende nie. Dit is nie noodwendig sleg nie, maar dit is alles van verbygaande aard. Daar is by Jesus net een hartsbegeerte dat elke mens die ewige lewe sal hê, want dit is waarom die lewe regtig gaan en dit is waarvoor Hy kom betaal het.

Wat God deur Jesus vra, is 'n soeke na meer van God en 'n begeerte om Hom beter te leer ken. Dis bloot om 'n verhouding met Hom te soek. Weet jy soms in my verhouding met God is ek ongehoorsaam, soms word ek kwaad vir Hom, soms is ek teleurgesteld in Hom, ander kere gaan dit so goed en is ek naby aan Hom en prys ek Hom en eer ek Hom en bely ek my liefde aan Hom. Maar wat ek weet ek het 'n verhouding met Hom. En ek stel myself oop vir die werk van die Heilige Gees om my te leer en te lei om God, my Vader, nog beter te leer ken. Ek en jy behoort gereeld te bid; *"Vader, ek wil U graag beter leer ken, meer van U beleef, sodat U daardeur verheerlik kan word."*

Ek kan aan geen beter posisie dink vir enige mens om in te wees nie as om die Enigste, Lewende, Heilige God te ken en te mag ken en om deur Hom geken te word. En vir Hom te sê Abba, Vader. Wow!

En dat dit sal toeneem. Dis presies wat Jesus vir jou en my bid in vers 17.

Johannes 17:17

Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid.

Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid. (OV)

God wil nie net hê ons moet Hom ken nie, maar meer en meer die *"glorious greatness"* van Hom weerspieël. Die Engels sê: *"Sanctify them by the truth; your word is truth."* En dit beteken: *to cause someone to have the quality of holiness*

Jesus bid vir Sy dissipels en vir jou en my die kinders van God, dat die kwaliteit van ons heiligheid, ons andersheid teenoor die wêreld, daagliks sal toeneem. En hoe doen jy dit sê Jesus? Wat staan daar? Deur Sy Woord.

En die wonderlike boodskap van Jesus en van God is dat Hy wil hê ons moet Hom ken, want Hy ken ons nog van voor ons geboorte al, toe ons nog in ons moeder se skoot was. **God ken jou!**

Jesaja 43:1

Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

Jesaja 49:15b-16a

Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in my handpalms gegraveer.

God ken jou en jy is vir God belangrik. En al wat Hy vra, “maak My ook in jou lewe belangrik, sodat jy ook kan sê, *God is myne.*” Wat definieer ons as Christene? Dat die Lewende God, ons wat glo, Syne maak, Sy kinders noem.

Niemand kan die Vader ken as jy nie vir Jesus ken nie, daarom sê Jesus in Johannes 17:3, “*dat hulle U ken, die enigste ware God.*”

Jesus kan net die ewige lewe gee aan die wat die enigste ware God ken. Hoe meer jy moeite maak om Jesus beter te leer ken, hoe meer sal jy van Vader ontdek.

Jesus het die kloof tussen ons en God oorbrug, en daarom kan ons as gebroke sondaars, soos ek en jy, nou met vrymoedigheid die troon van God se genade nader en tot God as Vader roep, net soos Jesus hier doen.

Ek sluit af

Wat hoor ek vanoggend?

- Ek hoor dat die wonderlikste sekonde was toe Jesus gesê het: “*Dit is volbring.*” “*Dit wat Ek moes kom doen het, is gedoen.*”
- Ek hoor Jesus se “*glorious greatness*” is weer herstel en daarom gebruik Hy as Opperheer, Sy oppergesag om aan die wat in Hom glo die ewige lewe te gee.
- Ek hoor ons is gemaak om God se “*glorious greatness*” sigbaar te maak.
- Ek hoor dat die ewige lewe is om God te ken. Intiem naby te ken. En hierdie ken beteken om:
 - Om toe te laat dat die Heilige Gees ons leer van God deur Sy Woord en dat ons sal luister, gehoorsaam sal wees aan Sy Woord.

- God se karakter te leer ken en lief kry.
- Hom lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en krag.
- Dis om die Heilige Gees te vra om jou elke dag meer te maak soos Jesus. Jesus wat vol liefde, vrede, vreugde, nederig en goed was en is.

Hoe meer jy tyd in gebed en God se Woord en met God se dinge tyd spandeer, hoe meer sal jy van God beleef en hoe meer sal jy van Hom wil hê. En hoe meer dit gebeur, hoe intiemer sal jou verhouding met God raak. En hoe meer jy van God het, hoe sigbaarder sal dit word in die manier hoe jy optree. En dit op sigself, verheerlik vir God. Deo Gloria – Aan God al die eer!!